

## 15 November - TROOS

### **Skrif- en Fokusgedeelte: Lukas 15:11-31; Sondag 1 Heidelbergse Kategismus**

**V**eronderstel die volgende situasie: 'n Dominee klop in die vreemde land aan die deur van die verlore seun. Op hierdie stadium gaan dit nog goed met die jongman. Hy het nog sakke vol geld met 'n groot vriendekring en 'n meisie wat soos 'n kat om hom spin. Sy dae en veral sy aande is gevul met jolyt. Hy geniet die lewe ten volle en met oorgawe.

Die dominee val met die deur in die huis: *"Ek het gekom om jou te troos!"* Ek kan in my geestesoog die verbasing op die jongman se gesig sien. Wat 'n vreemde benadering! Troos hoort tog by slegte omstandighede. Troos is gepas as iemand bedroef is, seergekry het of iets waardevol verloor het.

Tog begin die Kategismus op hierdie trant: *Wat is jou enigste troos in lewe en in sterwe?* Nie net kan hierdie invalshoek vreemd voorkom nie, maar ook die troos wat gebied word, klink teenstrydig op die oor: *"Jy behoort nie aan jouself nie!"* Immers gaan hierdie trooswoorde lynreg in teen die mens se grein! Die mens wil juis aan homself behoort. Sy hoogste strewe is om self god te wees.

Tog moet elkeen wat strewe na outonomie, besef sy vermeende vryheid is niks anders as gebondenheid aan die duiwel en die sonde nie. Die outonome mens is inderdaad vasgevang in ellende waarvan die uiteinde selfs aakliker as die varkhok is.

Ware vryheid is om verlos te word van die bande van die sondige natuur. Dit is egter nie 'n ongebonde vryheid nie, maar juis 'n nuwe verbintenis aan God, nie as sy slaaf nie, maar as sy kind.

Hierdie vryheid, hierdie herstel van God se koningskap oor my lewe, bied 'n ewige troos wat reeds in hierdie lewe die grootste moontlike lyding en verdrukking by verre oorskadu.

Juig daarom saam met die belydenis omdat jy getroos kan jubel: Ek behoort nie aan myself nie maar aan my getroue Verlosser, Jesus Christus!

*Sing: Psalm 116:4, 7, 10*

*Ds D Pansegrouw (Oos-Londen)*